


Advent Week 1

Kersboom

(Matteus 1:1-16)

Adventversiering: Plaas die eerste Adventversiering op julle Kersboom. Die eerste week se tema is tradisioneel “hoop”. Gesels met mekaar oor hoe Kersfees vir ons help om hoop te beleef en uit te leef. Waar sien julle hoop raak?

Saamgesels: Lees as huis saam die teks (Matteus 1:1-16) of vertel die verhaal van Jesus se stamboom. Gesels dan oor die volgende vrae:

- Wat maak dat ‘n boom ’n Kersboom is?
- Hoeveel van die name in hierdie gedeelte ken julle?
- God gebruik onwaarskynlike mense in Jesus se verhaal. Ek wonder wat leer dit vir ons oor hoe God ons kan gebruik?
- Wat het ons nodig om te doen om deel van Jesus se stamboom te word? Lees Johannes 1:12 om julle hieroor te help dink.

Onthouvers: Kyk of julle Johannes 1:12 kan onthou en bou die onthouvers-legkaart saam.

Saam-doen aktiwiteit: Voltooi julle eie stamboom en gesels oor hoe julle familie bymekaar pas.

Teks aktiwiteit: Maak julle eie Adventskrans.

Speletjie: Speel Kersfees Pictionary. Laat elkeen iets op ‘n papiertjie skryf waaraan hulle dink wanneer hulle aan Kersfees dink. Gooi dit in ‘n hoed en laat elkeen ‘n beurt kry om ‘n papiertjie te trek. Gee vir die deelnemer 60 sekondes om die onderwerp te teken, sodat almal kan raai wat dit is.